# 30 jaar van Graadopleiding

Petra van Niekerk

**Summary**

*On 1st February, 1965, the first degree course in nursing in the country started at the University of Pretoria. It was instituted with the aims to improve the quality of nursing and the training of nurses.*

*In February, 1976, a full academic Department of Nursing came into being at the same university, with Professor Charlotte Searle as the first Professor in Nursing in the country.*

*The need for degree courses is so great that departments at fourteen universities in the Republic are in existence at the moment, and more than 3 000 degrees in nursing have already been awarded.*

*The 30th anniversary of the institition of degree courses in nursing co-incides with the date of association of Colleges of Nursing with Universities in 1986. It is hoped that this important development in Nursing Education will be as rewarding as the institution of degree courses was 30 years ago.*

Petra van Niekerk, GV. GV.V.
M.Cur. (Intensiewe Sorg),
M.Cur. (Verpleegadministrasie)
Professor en Hoof
Departement Verpleegkunde
Universiteit van Pretoria.

Verpleegkundiges kan vanjaar met trots terugkyk oor die sowat dertig jaar sedert die eerste voornemende verpleegkundiges vir 'n graadkursus aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf het.

Die instelling van so 'n kursus was destyds geen verrassing nie. Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Opgeleide Verpleegsters het hom sedert sy ontstaan in 1914 hiervoor beywer. Die universiteite wat deur die vereniging genader is om sulke kursusse in te stel, was almal ten gunste daarvan, maar het destyds ernstige geldelike probleme ondervind.

Dit was eers in 1955 toe die eertydse direktrise van Verpleegdienste in die Transvaalse Provinsiale Administrasie, mev Charlotte Searle, die Universiteit van Pretoria genader het dat dié ideaal verwesenlik is.

In April 1956 het mev Searle 'n artikel in die Suid-Afrikaanse Verplegingtydskrif geskryf waarin die hele aangeleentheid uiteengesit is. In die artikel het mev Searle onder meer beweer dat die instelling van sulke universiteitskursusse sou help om die kwaliteit van verpleging te verbeter en dat die vlak van professionele opleiding aan verpleegkolleges hierdeur verhoog sou word.

Die noodsaaklikheid van verpleegkursusse aan universiteit is as volg verwoord: ". . . concern was felt that the existing system of training did not produce a sufficiently high ratio of nurse leaders and writers and did not produce any nursing research workers at all . . ."

Die algemene gevoel was dat as die verpleegprofessie in Suid-Afrika wou tred hou met ontwikkelinge in die mediese wetenskap en praktyk, minstens 25% van alle professionele verpleegsters hul basiese opleiding op graadpeil moes ontvang.

Verskeie redes is ook aangevoer vir die instelling van 'n graadkursus in verdie stelsel van verpleegonderwys in 1956, veranderinge in gemeenskapsbehoeftes, gebrek aan plaaslike navorsing en publikasies in verpleging en die ontoereikende aantal rekrute in verpleging.

Op 1 Februarie 1956 het die eerste 32 studente hulle vir 'n graadkursus in verpleging aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf met mev Elma Grobbelaar aan die hoof van die departement. Terselfdertyd het die destydse rektor van die Universiteit van Pretoria, professor C H Rautenbach, onderneem om, sou die eerste kursus suksesvol afloop, 'n senior lektor in verpleegkunde aan te stel. Mettertyd sou daar ook 'n professor vir die departement aangestel word.

Tien jaar later is die droom bewaarheid toe die bestuur van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging besluit het om die 75ste herdenking van die staatsregistrasie van verpleegsters op tasbare wyse te vier. Op die vyfde tweejaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging wat in Durban gehou is, het die rektor van die Universiteit van Pretoria aangekondig dat die eerste leerstoel in verpleging aan sy universiteit goedgekeur is.

Die leerstoel sou voortaan bekend wees as die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging-leerstoel. Terselfdertyd is 'n volwaardige departement van verpleegkunde ingestel en 'n professor en 'n senior lektrise in verpleegkunde aangestel. Die bestaande BA (verpleegkunde)-graadkursus sou voortaan onder die Fakulteit Geneeskunde aan die betrokke universiteit val.

Hierna het sake vinnig ontwikkel. Op 1 Februarie 1967 het die eerste 36 studente onder die nuwe bedeling geregistreer. Die professor, mev Charlotte Searle, en die senior lektrise, mej Idalia Loots, is op 1 Maart 1967 aangestel. Hiermee het die eerste volle akademiese Departement van Verpleegkunde in die land tot stand

# in S.A.

Die oorplasing van die kursus na die Fakulteit van Geneeskunde het 'n naamverandering genoodsaak. Die nuwe kursus in verpleegkunde sou voortaan bekend staan as Baccalaureus Curationis of B Cur. Nagraadse kursusse is ook mettertyd ingestel — die eerste Magistergraad is in 1969 en die eerste Doktorsgraad in 1976 toegeken.

Ander universiteite het die voorbeeld van die Universiteit van Pretoria gevolg. Tans is daar 14 universiteite in die Republiek wat oor 'n Departement van Verpleegkunde beskik. Die aanbieding van na-registrasie-graadkursusse in verpleegkunde by ses van hierdie universiteite het gevorderde studie in verpleegkunde binne die bereik van alle verpleegkundiges gebring. Sedert die instelling van die eerste graadkursus in verpleegkunde is reeds meer as 3 000 grade toegeken. Onderstaande tabel dui aan hoeveel grade deur die onderskeie universiteite toegeken is:

| Universiteit | B Cur | B Cur (IetA) | B Cur (Hons) | M Cur | D Cur |
|---|---|---|---|---|---|
| Medunsa | 6 | 13 | — | — | — |
| PU vir CHO | 158 | — | — | 2 | 4 |
| RAU | 113 | 32 | — | 8 | 1 |
| Univ Kaapstad | 75 | — | — | — | — |
| Natal | 193 | — | 19 | — | — |
| Noorde | — | 26 | — | — | — |
| OVS | 460 | — | — | 30 | — |
| Pretoria | 550 | 49 | 14 | 50 | 4 |
| Port Elizabeth | 82 | 20 | 0 | 11 | 1 |
| Suid-Afrika | — | 680 | 63 | 12 | 4 |
| Stellenbosch | 308 | — | 25 | 1 | 3 |
| Wes-Kaap | 38 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Witwatersrand | 94 | — | — | 4 | 0 |
| Zoeloeland | 0 | 0 | — | — | — |
| Totaal | 2 077· | 820 | 121 | 118 | 18 |

Sleutel: — Bied kursus nog nie aan nie
0 Nog geen grade toegeken nie



*Die twee persone wat die belangrikste rol gespeel het in die instelling van graadkursusse in verpleegkunde in Suid-Afrika, prof C H Rautenbach (links), en prof Charlotte Searle.*



*Die drie hoofde van die Departement Verpleegkunde aan die Universiteit van Pretoria sedert die instelling van die kursus in 1967 (vlnr) proff Wilma Kotze (1975-1982), Petra van Niekerk (1984-) en Charlotte Searle (1967-1975).*

As teruggekyk word oor die dertig jaar sedert die instelling van die eerste graadkursus in verpleegkunde, is dit duidelik dat groot vordering reeds gemaak is. Dit is dus gepas dat die dertigste verjaarsdag van die instelling van graadkursusse, en die assosiasie van kolleges van verpleging met universiteite vanjaar saamval. Die dinamiese aard van die verpleegonderwys het juis die besondere assosiasie moontlik gemaak, en verpleegkundiges is oortuig daarvan dat die gevolge hiervan net so suksesvol sal wees as die heuglike gebeurtenis dertig jaar gelede

VERWYSINGS


1. Wessels, P M: *'n Oorsig van vyf-en-twintig jaar opleiding van verpleegsters aan die Universiteit van Pretoria 1949-1974* Pretoria: Verhandeling Universiteit van Pretoria, 1975.
2. Searle, C: BA and BSc Nursing Degrees, *South African Nursing Journal*, 9156; 22(4): 20-26.
3. Redaksioneel: Stoel van Verpleging, Universiteit van Pretoria. *Suid-Afrikaanse Verplegingstydskrif*, 1966; 33(11): 8.
4. Van Niekerk, J G P: *Verpleegkunde in Perspektief: Graadopleiding aan die Universiteit van Pretoria*: Universiteit van Pretoria,